# TRUSTEES KWARTAAL OMSENDSKRYWE

Nuusbrief 1/09/2018

**AAN ALLE EIENAARS**

Ons, as u dienende Trustees wil graag hiermee u op hoogte hou van vordering en bedrywighede aangesien ons deursigtigheid voorstaan:

## FINANSIES

Ons finansies is in 'n baie goeie toestand, ondanks een agterstallige eienaar. Ons bedank almal wat getrou hul heffings betaal.

## INSTANDHOUDING

- Ons is in die proses om die openbare tuine op te knap, met die waterkrises in ag geneem.
- Die parkie se houtheining, wat al oor tyd verweer het, sal eersdaags vervang word.

## SEKURITEIT

- Soos u in kennis gestel is, het die Trustees onlangs met Servest vergader. Ons wag op hul terugvoer ten opsigte van wat benodig word om die sekuriteitstelsel op te gradeer. Sodra ons verdere inligting bekom, sal ons dit so aan u kommunikeer.
- Ons is tans besig om die flikkerende liggies op die heining aan te bring.
- U hulp word waardeer met die instandhou van die elektriese heining deur te verseker dat plantegroei daarvan weggehou word.

## WATERKRISIS

- U is almal tans bewus van die waterkrisis en die beperkings rondom die gebruik van water, soos bepaal tans op 50l verbruik per persoon per dag. Ons bedank alle eienaars wat moeite en uitgawes aangaan om binne die perk te hou. Die onus rus egter op alle eienaars om, sou hul bewus raak van buitensporige waterverbruik, om die nodige ondersoek t.o.v 'n moontlike lekkasie en/of foutiewe meter te doen.
- Ons verstaan ook dat, alhoewel dit moeilik is om tuine in hierdie tye van waterbeperkings in stand te onderhou, u versoek word om te verseker dat tuine en plante esteties goed lyk om by te dra tot die handhawing van ons kompleks se goeie voorkoms.
- Die Trustees is besig met navorsing insake boorgat opsies en sal op 'n latere stadium aan u hieroor terugvoer gee.

GEDRAGSREËLS

Ter bevordering van die welstand van Greenville Landgoed, bring ons graag die volgende aangeleenthede insake die Gedragsreëls onder alle eienaars en huurders se aandag:

- Honde moet te alle tye op leibande wees wanneer hul op gemeenskaplike areas rondloop. Die enigste uitsondering is die grasperk aan die begin van die kompleks oorkant die ingangshek, waar honde vrylik kan rondloop. Alle ontlasting op gemeenskaplike areas moet deur die betrokke eienaar verwyder word. Die Trustees behou hulself die reg voor om toestemming vir die aanhou van troeteldiere terug te trek wanneer daar nie by die betrokke gedragsreëls gehou word nie.
- Geen tuinwerkers of kontrakteurs word op 'n Sondag toegelaat nie.
- Alle werkers gedurende die week en op 'n Saterdag, moet voortaan by die sekuriteit in- en uitgeboek word.
- Geen skiet van klappers word toegelaat in ons kompleks nie. U word ook versoek om toe te sien dat u kinders nie steurend optree vir ander inwoners nie, en ook nie plante en struike op die gemeenskaplike area beskadig nie.
- Geen voertuig mag so geparkeer word dat dit 'n obstruksie veroorsaak vir enige ander pad gebruiker of omliggende bure nie. Daarvoor is addisionele besoekersparkering beskikbaar.
- Let asb. daarop dat die spoedbeperking 20km/h in die kompleks is. U word versoek om nie net alleenlik daarby te hou nie, maar ook u gaste dienooreenkomstig in te lig.
- Huise binne die kompleks is uiteraand naby mekaar geleë. Neem dus u bure ter aller tye in ag wanneer u sosialiseer en/of gaste onthaal. Vergewis u van die voorgeskrewe stiltetye en verspreiding van klank.

Ons herinner u dat ons 'n oopdeurbeleid voor staan en u welkom is om enige redelike voorstelle via andre@lmscape.co.za in te dien.

Dankie dat u Greenville Landgoed geliefd hou.

Die Trustees